



BYLAE A:

Riglyne om onreëlmatighede te beteuel, asook toepaslike sanksies rakende onreëlmatighede:

1. Selfone

- 1.1 *Omsendbrief 0011/2015*, gedateer 12 Maart 2015, sit die prosedure uiteen wat gevolg moet word wanneer 'n kandidaat met 'n selfoon tydens 'n eksamen betrap word.
- 1.2 Waar gevind word dat 'n selfoon ongemagtigde materiaal bevat, sal die uitslae vir die betrokke vak/vraestel van daardie spesifieke kandidaat nietig verklaar word. In sodanige geval, kan die kandidaat vir 'n tydperk van tot drie jaar belet word om die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamens te skryf.

2. Verwydering van 'n antwoordstel uit die eksamenlokaal

- 2.1 Dit word sterk aanbeveel dat alle kandidate vir die volle duur van die eksamen in die eksamenlokaal bly sit. Dit sal die verwydering van antwoordboeke uit die eksamenlokaal, deur kandidate wat die eksamenlokaal vroeg verlaat, verhoed. Verder, sal dit ook aan alle kandidate die genoegsame tyd gee om hulle antwoorde sonder enige stoornis te skryf. Ons wil graag skole aangemoedig om hierdie reëling in die September voorbereidingseksamen te implimenteer.
- 2.2 Ten einde die onreëlmatigheid van kandidate wat die eksamenlokaal met hul antwoordstel of 'n eksamenbylae verlaat uit te skakel, moet die volgende prosedure gevolg word:
 - a) Die hoofopsiener moet toesien dat elke 30 kandidate in die eksamenlokaal een opsiener het sodat die opsiener persoonlike aandag aan al 30 kandidate kan gee, en ook seker maak dat die antwoordstelle van al 30 kandidate ingeneem word voordat hulle die eksamenlokaal verlaat.
 - b) Die opsieners moet al die antwoordstelle by die kandidate se lessenaars gaan haal.
 - c) Die opsiener moet eers die antwoordstel vat en seker maak dat die bylae (indien deel van die eksamen) by die antwoordstel ingevoeg is. Eers dan kan die kandidaat toegelaat word om die antwoordstelbeheerregister te teken.
 - d) Skole word aangemoedig om kandidate te versoek om hul vraestelle agter te laat sodat hulle die eksamenlokaal net met hul toelatingsbriewe verlaat.

- 2.3 In die geval waar 'n kandidaat die eksamenlokaal met 'n antwoordstel of 'n bylae verlaat en daarmee terugkeer nadat hy/sy die eksamenlokaal verlaat het, sal daardie spesifieke vraestel van die kandidaat nietig verklaar word, of 'n nulpunt ("0") sal vir die bylae toegeken word.

3. Ongemagtigde materiaal

- 3.1 Opsieners moet keer dat kandidate die eksamenlokaal met hul toelatingsbriewe in plastiëkkoeverte binnekom. Sommige kandidate is met die verloop van die 2016 NSS-eksamen met ongemagtigde materiaal in plastiëkkoeverte betrap. Kandidate het beweer dat hulle die plastiëkkoeverte gebruik het om hul toelatingsbrief te beskerm en vergeet het om die notas uit hierdie plastiëkkoeverte te verwyder.
- 3.2 Waar 'n kandidaat in besit van ongemagtigde materiaal in die eksamenlokaal betrap word, sal die uitslae vir die betrokke vak/vraestel van daardie spesifieke kandidaat, nietig verklaar word. In sodanige geval, kan die kandidaat vir 'n tydperk van tot drie jaar belet word om die NSS-eksamen te skryf.

4. Afkykery/Afskrywery

- 4.1 Gedurende elke eksamensessie moet kandidate daaraan herinner word dat afkykery/afskrywery as 'n eksamenonreëlmatigheid beskou word. Waar kandidate betrap word dat hulle in die verloop van die eksamen afkyk/afskryf, moet die volgende prosedure gevolg word:
- (a) Die opsiener moet die kandidaat se eksamenantwoordboek verwyder en die woord "ONREËLMATIGHEID" op die voorblad van die buitenste omslagblad skryf, en die aard van die onreëlmatigheid asook die datum en tyd aandui.
 - (b) Die opsiener moet 'n nuwe antwoordboek aan die kandidaat uitreik. Hierdie antwoordboek moet ook met die woorde "NUWE ANTWOORDBOEK" onderskryf word, en die datum en tyd van uitreiking aandui.
 - (c) Die kandidaat moet in kennis gestel word dat hy/sy toegelaat word om met die eksamen voort te gaan, maar dat dit nie as 'n kondonasie van sy/haar oortreding van die eksamenregulasies is nie, en dat 'n skriftelike verslag aan die einde van die eksamen aan die Wes-Kaap Onderwysdepartement gestuur sal word.
 - (d) Die opsiener moet geen bykomende tyd toelaat om vir die verlore tyd te vergoed waar die eksamenonreëlmatigheid opgemerk en verwerk is nie.
- 4.2 Die uitslae van die spesifieke vraestel van kandidate wat betrap word terwyl hulle afkyk/afskryf, sal nietig verklaar word en hulle kan belet word om die NSS-eksamen vir 'n tydperk van tot drie jaar te skryf.

5. Ontvangs en stoor van eksamenvraestelle

- 5.1 By ontvangs van 'n besending eksamenvraestelle, moet die prinsipale/sentrumbestuurders seker maak dat al die bokse/seilsakke, soos op die verspreidings- en verpakkingslyste aangedui, ontvang is. Nadat die prinsipale/sentrumbestuurders seker gemaak het dat 'n spesifieke besending al die bokse vir die eksamensessie bevat, moet hulle seker maak dat dit netjies in die instapkluis gestoor word. Die instruksies van die Eksamenadministrasieminuut 0007/2016 rakende die stoor van vraestelle, moet noukeurig gevolg word.
- 5.2 Die prinsipale/sentrumbestuurders is verantwoordelik vir die veilige bewaring van die instapkluis se sleutel. Die ligging van die spaarsleutel moet op skrif aangedui en deur beide die primêre sleutelhouer (prinsipaal/sentrumbestuurder of sy/haar afgevaardigde) sowel as die sekondêre sleutelhouer (distriksbeampte/prinsipaal van 'n nabygeleë skool/polisiebeampte, ens.) onderteken word. 'n Pro forma-kontrak sal mettertyd via 'n minuut aan skole gestuur word.
- 5.3 Verwys asseblief na Assesseringsbestuursminuut 0013/2016 vir die korrekte prosedure om vraestelle vir elke sessie oop te maak.
- 5.4 Die hoofopsiener moet toesien dat elke 30 kandidate in die eksamenlokaal een opsiener het sodat die opsiener persoonlike aandag aan al 30 kandidate kan gee. Vraestelle moet volgens die kandidate se toelatingsbriewe uitgedeel, en nie sonder toesig op die lesenaars gelos word nie. Hoofopsieners moet spesiale sorg tref wanneer 'n vraestel aan 'n kandidaat uitgereik word wat laat by die eksamenlokaal opdaag.
- 5.5 Amptenare wat nie die reëls en regulasies vir die afneem, bestuur en administrasie van die NSS-eksamen volg nie, sal versoek word om dissiplinêre vergaderings by te woon om seker te maak dat die integriteit van die eksamen gehandhaaf word.